**Piet Beukes:** ***The romantic Smuts. Women and love in his life.*** (Human & Rosseau. Kaapstad en Johannesburg 1992).

Oor die Smuts-figuur is daar deur die jare baie geskryf en sal daar in die toekoms nog baie geskryf word, juis omdat hy nie net in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie, maar ook internasionaal, groot en blywende indruk gemaak en gelaat het. Die meeste van hierdie werke is sonder enige voorbehoud werke van formaat, wat Smuts in 'n besondere mate in historiese verband in perspektief gestel het.

En toe kom Piet Beukes die afgelope tyd eers met *The Holistic Smuts*, wat hoegenaamd nie in dieselfde kategorie as bovermelde werke geplaas kan word nie. En noú, glo dit as u wil, *The Romantic Smuts*. Die suggestiewe sub-titel moet die nodige verdere stimulus verskaf vir dié lesers wat op hierdie tipe leesstof ingestel is. Met die bekendstelling van hierdie boek van Beukes het my gedagtes onwillekeurig teruggegaan na die onlangse onthullings van die liefdeslewens van die Engelse koninklikes wat aan die media en aan 'n sekere leserspubliek soveel genot en opwinding besorg het. Vrye teuels is aan die perverse gegee. Ek sal nie kwalik geneem word as ek hierdie boek van Beukes in dieselfde geselskap plaas nie. Om watter rede gaan delf jy in die persoonlike privaat lewe van 'n persoonlikheid soos dié van Smuts? Die motief kan niks anders wees as bloot die soeke na goedkoop sensasie nie. Dit is die kategorie waarin 'n boek soos hierdie hoort. Dit is 'n publikasie hierdie wat geen bydrae lewer tot die wetenskaplike bestudering van die Smuts-figuur en van sy plek in die geskiedenis nie. En dan na al die gegorrel oor 'n span van 175 bladsye kom Beukes tot die gevolgtrekking dat Isie was "Smuts' real and only love partner." Wat 'n ontdekking!

Kyk jy na die samestelling van *The Romantic Smuts* dwing dit jou tot basiese kritiek op 'n ander vlak. Van die historiese metode as sodanig het Beukes geen begrip nie. In sy *The Holistic Smuts* het die skrywer darem nog probeer om 'n tikkie historiese wetenskaplikheid aan die dag te lê. Daarby was immers 'n bronnelys, hoe onvolledig nou ook al, en so 'n paar voetnote. In hierdie boek onder bespreking is daar geen bronnelys en geen bronneverwysing nie. Die boek bestaan in 'n groot mate uit die saamflans van lang aanhalings wat in alle gevalle moeilik lees. Die styl vloei nie. Van sintese is daar natuurlik geen sprake nie. Dit wil voorkom of die skrywer as hy nie die inhoud van 'n brief of aanverwante

dokument verstaan nie, hy sommer maar net lang dele daaruit direk aanhaal. Hierdie aanhalings word nêrens verantwoord nie, en is dus uiteraard nie geloofwaardig nie.

Sommer met die intrap sorg Beukes vir 'n historiese onjuistheid. As hy sy navorsing goed gedoen het, sal hy weet dat Smuts, in teenstelling met dit wat hy as skrywer beweer, verre van 'n "brilliant military leader" was. Verbandhoudende dokumente in die *Public Record Office* en *War Museum* in Londen getuig hiervan. Sy Oos-Afrika kompanjie tydens die Eerste Wêreldoorlog is 'n verdere bewys hiervan. Smuts was maar te bly om van hierdie verantwoordelikheid ontslae te raak toe hy Londen toe moes gaan vir die bywoning van die Imperiale Oorlogskabinet. En toe Smuts die aanbod kry om die bevel oor te neem van die Britse magte in Palestina in hierdie tyd, het hy eers vir Botha geraadpleeg, wat teruggekabel het: "Advise you to refuse. We both know you are no general."

Ek twyfel nie dat dié boek goeie verkope sal hê nie. Goeie verkope, nié omdat dit 'n goeie boek as sodanig is nie, maar wel omdat dit die soetsappigheid bevat wat vir 'n sekere leserspubliek bedoel is. Die feit dat Beukes dikwels met sy aanbieding in hierdie verband aan die banale grens, is hier van deurslaggewende belang. "The diary", skryf hy, "also tells how Frederica slept in the nude and one night this nearly got her into trouble while a guest in Groote Schuur." (p.129). Daar is nog talle ander soortgelyke voorbeelde. *The Romantic Smuts* kry nie 'n plek op my boekrak langs die ander boeke oor generaal J.C. Smuts nie. Beukes is 'n apologie verskuldig aan die nagedagtenis van Smuts en ook aan die Smuts-familie.

**Ockie Geyser**
*Universiteit van die Oranje-Vrystaat*